

## Gemeentebrief September 2021

### “Onder omstandighede...”

Die afgelope ruk, as ek vir mense vra hoe dit met hulle gaan, antwoord baie my met die woorde “onder omstandighede gaan dit goed”. Hierdie woorde beteken iets in die lyn van, “Alles is nie ideaal nie, maar ek het steeds heelwat om voor dankbaar te wees”.

Ek mag verkeerd wees, maar dit voel asof ons almal hierdie afgelope paar maande iemand naby ons verloor het, hetsy ‘n familielid, vriend of kollega en dit maak seer. Dit konfronteer ons met die werklikheid dat die ons, as mense, eintlik baie broos en klein is. Dat ons verhoudings ‘n tydlimiet op het en dat ons nooit weet hoe lank daardie tydperk is nie.

Die Christelike ideaal is dat ons vreugde glad nie bepaal word deur ons omstandighede nie, maar dit is baie makliker gesê as gedaan. Ja, die Here is ons bron van krag, betekenis, vreugde, lewe en nog baie ander dinge, maar dit maak nie dat ons nie meer slegte omstandighede aan die lyf voel nie. Dit troos my altyd dat Jesus gehuil het oor Lasarus (Joh 11:35) wat gesterf het. Ons dink soms ons mag nie huil nie, want Jesus moet ons vreugde wees. Maar hier kry ons Jesus self wat huil as gevolg van omstandighede wat oor sy pad kom. Seer bly seer.

Ons leer wel dat ons onder alle omstandighede steeds kan bly vertrou dat God, God Immanuel is, dat Hy by ons is en ons, ook in ons seerkry omvou en dra. Ons kom soms om plekke waar ons uitroep: “Waar is U, Here?” of “Waarom trek U U terug in tye van nood?” (Psalm 10:1) en dit is oraaït om so te voel. Net die feit dat ons steeds in daardie tye met God bly praat is alreeds genoeg, al is dit woorde van frustrasie. Ek het geleer dat, as daar niemand anders is om meer te blameer nie, dan word God gewoonlik die slaansak en Hy kan dit hanteer.

Dit laat my dink aan die beeld van ‘n dogter wat huilend haar Pa op die bors slaan tot sy uiteindelik ophou slaan en net huil terwyl haar Pa haar baie styf vasdruk. As sy tot die besef kom dat haar Pa nie die situasie gaan of kan verander nie, maar dat hy wel, in daardie oomblik, die veiligste plek op hierdie aarde is vir sy dogter. Ons Pa se arms is altyd oop en Hy is altyd daar. Al voel dit nie so nie, al glo ons dit nie eers nie. Ons kan nie van Sy teenwoordigheid vlug nie (Psalm 139) en Hy sal ons ook nie alleen los nie. So, onder en in alle omstandighede, is ek en jy in die teenwoordigheid van ons almagtige en liefdevolle Vader.

En dit is goed.

Groete  
Ds Ferreira Marais